RAADSBELEID

ONDERWERP : BEHEER VAN VOËLS EN VOËLHOKKE

VERWYSING : 15.4.1.3.B

BESLUIT NR : 22.2/01/2003 DATUM : 27 Januarie 2003

BELEIDSOOGMERK : Om die aanhou van voëls en die oprigting van voëlhokke op Residensiële persele te beheer en te koördineer.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Om die algemene publiek in die geleentheid te stel om voëls aan te hou.

RIGLYNE

Die oprigting van voëlhokke en die aanhou van voëls op residensiële erwe sal slegs oorweeg word indien daar aan die volgende vereiste voldoen word:

1. Die skriftelike kommentare van die direk aanliggende bure ingewin is.

2. Goedkeurings vir die oprigting van die voëlhokke soos hierbo vermeld, moet in ooreenstemming met die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde 1977 (Wet 103 van 1977) geskied.

PROSEDURE

Alle aansoeke vir die oprigting van voëlhokke en die aanhou van voëls op residensiële persele moet skriftelik, tesame met die nodige kommentare van die aanliggende bure, by die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer ingedien word.

ROLLE
Die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer.

VERWANTE BELEID
Die Skemaregulasies.

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.